

**19 Mei**

**Romeine 10:13-17; HK, Sondag 25**

***Waar sal ek die Heilige Gees vind?***

God, die Heilige Gees is ook aan my gegee. Dit beteken Hy is en word aan my gegee in die prediking van God se Woord. Die Heilige Gees kom met die Woord na ons toe en nie anders nie. Hierdie twee mag ons nooit uit mekaar haal nie: die Heilige Gees en die prediking van God se Woord. Dit is die erns en die heerlijkheid van die prediking dat die Heilige Gees aan ons daarin geskenk word.

As ons dan vra: waar sal ek die Heilige Gees vind? Dan is die antwoord: in die kerk. Daar waar God deur sy dienaar sy Woord suiwer laat preek. Daar sal ek die Here aanroep en gered word.

Paulus sê: "Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is uit die Woord van God". Langs hierdie weg kom die Heilige Gees na ons toe.

Ja, daar is mense wat 'n korter pad wil hê, mense wat die werking van die Heilige Gees losmaak van die prediking van die Woord van God. Hulle verval dan ook in allerhande bygelowe en drome en verskyninge en gesigte. Ten diepste ontken hierdie mense wat daar in Heb. 1:1 staan. Hulle misken die Bybel as die geskrewe Woord van God. Die Heilige Gees wil die geloof, die nuwe lewe skenk langs die weg van die suiwer prediking van die Evangelie van Jesus Christus.

Sorg maar net dat jy en jou kinders staan langs die pad waarlangs die Heilige Gees kom en God sal die res doen.

Sing: Psalm 119:33

Ds. J.H. Grobler (Grootfontein)